Sondag, 2 Julie 2017

Skriflesing: Matteus 5:5; Matteus 11:28-30

Tema: Sagmoediges

Skriflesing(s)

Ons Skriflesing kom vandag uit –

Matteus 5:5

5 *Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.*

Matteus 11:28-30

28 *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.* 29 *Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed.* 30 *My juk is sag en my las is lig."*

Preek

Geliefdes van ons Here Jesus Christus,

Dit bly vir ons ‘n voorreg om babatjies te doop in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hierdie geleenthede bly altyd ook ‘n bevestiging van God se liefde vir ons en ‘n herinnering aan ons dat ons uit genade gered is – onverdiende guns alleen. En dit laat ons nederig.

Vanoggend staan ons juis stil by hierdie nederigheid voor God. Soos Jesus dit hier in **Matteus** stel – ons *sagmoedigheid*.

Sover het ons al na 3 kentekens van ‘n gelowige gekyk.

1. Vredemakers
2. Afhanklikes
3. Regverdiges

Vanoggend kyk ons na “*sagmoedigheid*”.

Hierdie is ‘n verder kenteken waarmee ons onsself moet toerus. Ouers - dis ook belangrik dat u u kinders voorgaan, deur hulle ook bewus te maak van hierdie Christelike kentekens. U kon u kind doop vanoggend en ons, die ander ouers, het al ons kinders laat doop en ons het daardie verantwoordelikheid om hulle te leer

en vir hulle ‘n voorbeeld te wees in die kentekens van ‘n volgeling van Christus. En nog so ‘n kenteken is – *sagmoedigheid*.

Wat het ons gedink is ‘sagmoedigheid’

Ons het gelees –

[5] *Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.*

As u die woord ‘sagmoedig’ hoor, waaraan dink jy?

Mens sou dalk die woord gaan opdeel – ‘*sag’* en ‘*moedig’*. Maar sodra jy dit doen, dan klink die woord baie swak. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek gee hierdie een woord as verduideliking – *saggeaard*. En dis dalk die idee wat ons kry as ons die woord sagmoedig hoor – dat ons saggeaard moet wees.

Die Bybelse “*sagmoedigheid*” word anders bedoel! Die Bybelse betekenis van ‘*sagmoedigheid’* is definitief nie ‘*saggeaard’* nie.

Wat is dit nie

Een van die Bybel-helde, **Moses**, word gekenmerk as ‘n uitermatige sagmoedige mens. In teendeel, **Numeri 12:3** verwys na **Moses**...:

[3] *Maar die man Moses was baie sagmoedig, meer as al die mense op die aardbodem.*

Nou u ken vir **Moses**. As ons na **Moses** kyk en ons dink dat hy ‘*sagmoedig’* in die sin van saggeaard was, maak ons ‘n fout. **Moses** kon kwaad word. Hy kon mense baie streng aanspreek en hy kon vuur skiet met sy oë (*figuurlik*). Michelangelo het **Moses** uitgebeeld juis as iemand wat so kwaai kon oorkom - https://en.wikipedia.org/wiki/Moses_(Michelangelo)

Hierdie beeld sien mens vandag nog in Rome.

Moses was verseker sagmoedig, maar sy sagmoedigheid sluit nie sy toorn uit nie. Moses kon sagmoedig wees vir die regte redes. Hy was toornig wanneer God se reg aangetas word. Hy kon stilbly wanneer sy eie belange op die spel geplaas was.

In **Numeri 12:1-2** lees ons hoe **Mirjam**, **Moses** se suster, hom verskriklik beledig het –

[1] *En Mirjam en Aäron het teen Moses gespreek vanweë die Kusitiese vrou wat hy geneem het; want hy het 'n Kusitiese vrou geneem.* [2] *En hulle het gesê: Het die HERE dan maar alleen met Moses gespreek? Het Hy nie*

ook met ons gespreek nie? En die HERE het dit gehoor. [3] *Maar die man Moses was baie sagmoedig, meer as al die mense op die aardbodem.*

Moses het homself nie op haar gewreek nie. Hy het hom stil gehou.

Die Bybelse betekenis vir die woord "*sagmoedig*" is duidelik. Iemand wat sagmoedig is, staan sterk waar God se belange aangetas word. Maar wanneer dit oor ons belange gaan, dan moet ons kan terug staan.

Gerigtheid van sagmoedigheid

As Jesus vir die skare mense, wat na Hom kom luister het, sê dat –

Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang,

dan wil dit vir ons sê dat ons nederig op God moet vertrou; dat Sy oordeel op die regte tyd sal intree, al voel ons dat ons té nagekom word deur goddelose mense, terwyl ons lewe soos God dit van ons verwag.

Sagmoedig wees is nie so seer ons gesindheid teenoor mense nie, maar eerder hoe ons gesindheid voor God moet wees. Dat ons nederig voor God is.

In **Psalm 37:5-11** lees ons iets hiervan:

[5] *Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.* [6] *Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.* [7] *Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.* [8] *Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.* [9] *Die skelms sal uitgeroei word, maar dié wat hulle vertroue in die Here stel, sal in besit bly van die land.* [10] *Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal nie daar wees nie.* [11] *Dié wat nou verdruk word, sal die land besit en hulle verlustig in hulle welvaart.*

Ons voel meermale dat ons onregverdig behandel word. Maar wanneer ons so voel, moet ons juis *sagmoedig* voor God wees. Ons moet kan opstaan vir dit wat verkeerd is in die oë van die Here, maar ons doen dit met *sagmoedigheid*. Ons doen dit, sodat God se naam geëer kan word. As ons dus opstaan vir dit wat reg is in God se oë, dan beteken dit dat as ons klaar ons geloof beskerm het, dan moes mense God se liefde deur ons woorde en dade gesien het.

Jesus se sagmoedige voorbeeld

En hiervoor is Jesus die beste voorbeeld. In die Bybel word daar na Jesus ook verwys as *sagmoedig*. **Matteus 11:29** en **21:15** praat van Jesus se sagmoedigheid en ons sien by Hom ook twee kentekens. Aan

die eenkant dryf Jesus die handelaars wat die tempel verontreinig hardhandig uit die tempel uit, uit die huis van die Vader uit. Aan die anderkant was Sy eerste reaksie, toe Hy aan die kruis vasgenael word, dat Hy vergifnis vra, namens die twee moordenaars aan beide kante van Hom. Jesus duld nie ongeregtigheid aan God nie, maar Hy beywer Homself *sagmoedig*. Hy offer Homself op, sodat God se omgee en liefde gesien en beleef kan word.

Professor J de Graaf skryf in sy boek oor die bergrede die volgende storie, om te verduidelik wat *sagmoedigheid* vir ons moet beteken.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n gevangenes in 'n barak in 'n Duitse konsentrasiekamp. Elke aand het daar 'n bewaker gekom en elke keer het hy dieselfde man geslaan. Die ander gevangenes kon net aand na aand met magtelose woede toekyk. Wat kon hulle doen? Totdat daar op 'n aand een van die gevangenes vir die bewaker sê:

"As jy dan nou elke aand iemand moet slaan, slaan maar vanaand vir my."

Dit het die bewaker onverhoeds betrap. Na 'n bietjie aarseling sê hy:

"Goed, ek sal jou slaan vanaand, maar omdat jy so braaf is om jouself aan te bied, kan jy self sê hoeveel keer ek jou moet slaan".

Die gevangene antwoord toe:

"Nee, dit laat ek aan jou gewete oor".

Daar was weer verrassing en verwarring by die bewaker. Hy sê toe:

"Ek het nie 'n gewete nie".

Toe sê die gevangene:

"Natuurlik het jy 'n gewete, anders sou jy my al lankal geslaan het".

Na hierdie vreemde gesprek was die bewaker nie meer geïnteresseerd om te slaan nie. Hy het verdwyn en het nie weer teruggekom nie.

Dis wat die Bybel met sagmoedigheid bedoel. Wanneer ons sagmoedig is, moet ons ons stem skreeuend verhef, maar ten koste van onsself. Dit is presies wat die een gevangene gedoen het. Hierdie sagmoedigheid kan ons net op een manier leer en dis by Jesus wat sê in **Matteus 11** –

"...en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart"

Slot

Broers en susters, *sagmoedigheid* is nie saggeaardheid nie. Jy is nie swak en laat mense oor jou loop nie. Inteendeel, dis 'n dappere optrede waar ons God se naam vereer deur positief op te tree sodat ons onsself opoffer sodat God se Wil op die voorgrond tree.

Sagmoedigheid is nie soseer ons gesindheid teenoor mense nie, maar eerder ons gesindheid vir God. Ons is *sagmoedig* voor God, vir God, sodat ander in ons God se liefde kan sien. Ons word dus minder, sodat God, deur ons, groter kan word.

Mag ons dapper *sagmoedig* wees. Mag ons hierdie kenteken dra van goedhartige sagmoedigheid, met ‘n stille paraatheid om ons geloof te verdedig terwille van God, want ons het reeds ons beloning weg; en dit is ons burgerskap tot die koninkryk van God.

...want hulle sal die nuwe aarde ontvang.

Onthou – *Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.*

Amen